Persverklaring

Posbus / P O Box 242
Moorreesburg 7310
Telefoon/ Phone (022) 433 8400
Faks/ Fax 086 6926113
www. westcoastdm.co.za.

15 **Junie 2009**

Van die kantoor van die Munisipale Bestuurder

Weskus Distriksraad spreek alkohol en dwelm misbruik aan.

Verskeie organisasies, departemente en jeugdiges het Saterdag deel geneem aan die beraad oor alkohol-en dwelm misbruik in die Weskus. Die beraad is deur die Weskus Distriksmunisipaliteit in samewerking met plaaslike munisipaliteite in die Wesbank-gemeenskapsaal aangebied.
Onder die gassprekers was adv. Lennit Max, Wes Kaapse minister van gemeenskapsveiligheid. Max het veral met die jeug gepraat, met die oog op jeug maand en Jeugdag wat op 16 Junie gehou is. Jeugdiges van sover as Bitterfontein, Algeria en omliggende dorpe het die saal vol gepak om aan die beraad deel te neem.
Max het die gevare van dwelm- en alkohol misbruik aan die jeugdiges voorgehou en hulle gevra om die korrekte keuses in die lewe te maak, goeie waardes te beoefen en om respek te openbaar.
“Maak nie saak waarvandaan jy kom en wat jou omstandighede is nie, maar wat belangrik is, is waarheen jy oppad is,” het hy gesê.
Die doel van die beraad is deur me. Melonice Blankenberg van die WKDM, aan die deelnemers geskets. “Ons wil die tekortkominge in die stryd teen die misbruike uitlig. Rolspelers identifiseer en ‘n implementeringsplan op die tafel sit, om die probleme aan te spreek.”
Max het jeugdiges aangemoedig om hulle geleenthede te benut. Hy het ook sy bekommernis oor die ondewys uitgelig. “Ons moet ons geleenthede gebruik. Geluk, voorspoed en werksgeleenthede kom nie na ons toe aangestap nie, ons moet dit bereik deur hard te werk,” het hy gesê.
Burgemeester Kitshoff het gesê, Sosiale Dienste kon nie vir ‘n beter spreker as die minister gevra het nie. “Hy was self iemand wat uit moeilike omstandighede die geleenthede gebruik het, wat na hom toe gekom het.”
Oor die probleme wat jeugdiges somtyds op hul lewenspad ondervind het Max as volg gereageer. “Sê nee, dit is somtyds ‘n moeilike besluit, maar die korrekte besluit. Moenie instem om vriendskap te wen om die verkeerde ding te doen nie.”
Die afwesigheid van kerkorganisasies was as een van die leemtes by die beraad geïdentifiseer.

Kyk of u die in ‘n kassie kan gebruik asb.

Opsomming van die belangrikste punte wat tydens die aanbiedinge van verskillende departemente uit gelig is.

Kantoor van die premier

‘n Krisis situasie moet jou nie weerhou van sake nie
40,5% van die land se inwoners is jeugdiges
Ons moet geleenthede soos dié skep om na ons jeug te luister.
Programme soos die beraad moet deurlopend aangebied word en nie net met die oog op Jeugdag vieringe nie.

Departement Gesondheid

Alkohol- en dwelmmisbruik het ‘n negatiewe uitwerking op ons samelewing
Vroue en kinders ly die meeste
‘n Data basis moet opgestel word om inligting te verskaf
Jeug moet bemagtig word om beheer oor hulle eie lewens te neem

Departement Opvoeding

Opleiding word aan opvoeders verskaf
Programme oor misbruike word deur LoveLife gedryf
Ouers moet meer verteenwoordiging kry op organisasies
Gesamentlike rolle deur die distriksraad, ouers, en skole moet in plek gesit word, wat verder as die skool se grense strek.

Polisie

Meer klem moet op voorkoming van die misbruike geplaas word
Skoolopleiding moet verbeter. Gebrekkige skoolopleiding lei tot werkloosheid, wat op sy beurt aanleiding gee tot armoede en dwelmmisbruik bevorder.